

Myburg, J. BEKROONDE EMMANUEL SE LITOS OF ART FAIR, in Beeld newspaper, Nuus24.Com, Johannesburg, South Africa, September

Die Johannesburgse kunstenaar Paul Emmanuel se werk word vanjaar as 'n spesiale projek op die Joburg Art Fair vertoon. Dis die eerste keer dat dié werk in Suid-Afrika vertoon word.

Gallery AOP bied die uitstalling aan van Emmanuel se *Transitions Multiples*, deel van die kunstenaar se voortgaande Transitions Project.

Emmanuel is reeds sedert 2004 besig met dié projek, waarin hy die skuiwe in mansidentiteit in 'n post-koloniale omgewing volg deur middel van rituele en oorgangsrites.

*Transitions Multiples*, die nuutste toevoeging tot die projek, bestaan uit 'n reeks van vyf litografiese drukke en die bekroonde kortprent *3SAI: A Rite of Passage*.

Dié prent van sowat 14 minute het pas die kortlys gehaal vir die beste eksperimentele rolprent op die negende internasionale In the Palace-kortprentfees in Baltsjik, Bulgarye. Verlede jaar het 3SAI die prys gewen as beste eksperimentele prent op die Sardinia-rolprentfees.

Emmanuel se werk is die laaste paar jaar met die steun van die Johannesburgse organisasie Art Source South Africa in verskeie museums in die buiteland uitgestal.

Nadat Emmanuel 'n reeks tekeninge gemaak het vir die uitstallings in die buiteland, het hy in 2009 begin met die litografiese reeks. As een van die land se voorste litografiese drukkunstenaars het hy in sy ateljee in Johannesburg begin werk aan die vyf werke: *Number 05000674*, *Parade of shadows*, *Table number 12*, *Field of flames* en *Platform number 5*. Die reeks het 'n oplaag van 35.

*Transitions Multiples* is ook in September in die Goya Contemporary-gallery in Baltimore in die VSA te sien.

Emmanuel het sy studie aan Wits in 1993 voltooi. Die gesogte Ampersand-prys – 'n prys wat jong, belowende kunstenaars identifiseer – met 'n kunstenaarsverblyf in New York is daarna aan hom toegeken.

Die Joburg Art Fair word van 23 tot 25 September in die Sandtonse Konvensiesentrum aangebied.